ACER (Africa)
Environmental Management Consultants
NATIONAL PREMIUM AWARD 2002 & 2004
INTERNATIONAL ASSOCIATION FOR IMPACT ASSESSMENT
SOUTH AFRICAN CHAPTER

P O Box 503, Mtunzini, 3867 South Africa
Suites 5 & 6, Golden Penny Centre
26 Hely Hutchinson Rd
Tel: 086 010 4958
Fax: 035 340 2232
Website: www.acerafrica.co.za
E-mail: nuclear1@acerafrica.co.za

26 Julie 2007
Verw: Nuclear1 04E

«Title» «First_Names» «Surname»
«Position»
«CoOrg»
«Address»
«City» «Postcode»

Geagte «Title» «Surname»«Salutation»

ESKOM - OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (EIA: 12/12/20/944)
VIR 'n VOORGESTELDE KERNKRAGSENTRALE EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR

VORDERING VAN DIE OIS PROSES EN VERLENGING VAN OMVANGSBEPALING

As 'n geregistreerde belanghebber op die OIS databasis sal u bewus wees dat Eskom Holdings Limited (Eskom) tans die konstruksie van 'n Kernkragsentrale en gepaardgaande infrastruktuur in die Oos-, Noord-, of Wes-Kaap ondersoek. Die rede hiervoor is Suid-Afrika se vinnig groeiende elektrisiteit aanvraag en die behoefte om Eskom se elektrisiteit opwekking kapasiteit uit te brei.

Omvangsbepaling as deel van die OIS het gedurende Mei 2007 'n aanvang geneem en verkeie geleenthede tot kommentaar is gebied. Tot op hede het interaksies Publieke Vergaderings, Fokusgroep Vergaderings en algemene belanghebber interaksie telefonies, per faks, e-pos of briewe wisseling, ingesluit. Belanghebbers word bedank vir hul aktiewe deelname en hulp aan projekspan in die indentifisering van potensiële kwessies en impakte wat met die voorgestelde Kernkragsentrale verband hou.

Weens die groot belangstelling wat die publiek in die voorgestelde projek getoon het, het Eskom die Omvangsbepaling periode met 'n verdere vyf (5) weke verleng, wat dus die sluitingsdatum na **28 Augustus 2007** verskuif**.** U word dus versoek om hierdie verlengde periode te gebruik om enige verdere kommentaar te lewer.

Teen die einde van die kommentaar periode sal 'n Konsep Omvangsbepalingverslag (KOV) saamgestel word en vir oorsig en kommentaar aan die publiek beskikbaar gestel word. 'n Kommentaar- en Terugvoerverslag sal die KOV vergesel. Alvorens die verslag gefinaliseer word sal alle Belanghebbende en Geïnteresseerde Partye (B&GPs) die geleentheid hê tot oorsig van die verslag en om die inhoud daarvan tydens publieke vergaderings te bespreek. Nader aan die tyd sal advertensies in koerante geplaas word en briewe sal aan B&GPs gestuur word. Hierin sal hulle van die presiese besonderhede en plekke waar die KOV vir besigtiging beskikbaar sal wees, asook besonderhede aangaande die publieke vergaderings, verwittig word.

Raadpleeg die webwerf (www.eskom.co.za/eia) en volg die "Nuclear 1" skakel vir besonderhede aangaande toekomstige publieke vergaderings, Sleutel Belanghebber Werkswinkels en Fokusgroep Vergaderings.

Namens die Projekspan wil ek graag almal wat reeds aan die proses deelgeneem het, asook diegene wat verder tyd sal inruim om kommentaar te lewer, hartlik bedank.

Die uwe,

ACER (Africa) Environmental Management Consultants
Me Bongi Shinga
Publieke Deelname Spanleier

ESKOM - OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (EIA: 12/12/20/944)
VIR 'n VOORGESTELDE KERNKRAGSENTRALE EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR

ADDISIONELE PUBLIEKE VERGADERINGS, SLEUTELBELANGHEBBER WERKSWINKELS EN FOKUSGROEP VERGADERINGS (JULIE – AUGUSTUS 2007)

✂ Sny asseblief uit en plaas op u kennisgewingbord of yskas

……

TIPE VERGADERING	AREAS & PROVINSIE	DATUM	PLEK	TYD
Publieke Vergadering	St Francisbaai **Oos-Kaap**	25 Julie 2007	St Francis Links	18H00 - 21H00
Publieke Vergadering	Sea Vista Gemeenskap **Oos-Kaap**	26 Julie 2007	Sea Vista Gemeenskapsaal	18H00 – 21H00
Fokusgroep Vergadering	Thyspunt Anti-Kerngroep **Oos-Kaap**	26 Julie 2007	Kaap St Francis	10H00 – 12H00
Publieke Vergadering	Atlantis **Wes-Kaap**	06 Augustus 2007	Thusong Dienssentrum (voorheen bekend as die Haartebeeskraal Gemeenskapsentrum	18H00 – 21H00
Publieke Vergadering	Milnerton **Wes-Kaap**	07 Augustus 2007	Milnerton Golf Klub	18H00 – 21H00
Publieke Vergadering	Hermanus **Wes-Kaap**	13 Augustus 2007	Overstrand Munisipale Ouditorium	18H00 – 21H00
Publieke Vergadering	Struisbaai, L'Agulhas, Bredasdorp Napier **Wes-Kaap**	14 Augustus 2007	Struisbaai Gemeenskapsaall, Struisbaai-Noord	18H00 – 21H00
Sleutel Belanghebber Werkswinkel **(RSVP)**	**Oos-Kaap**	27 Julie 2007	The Beach Hotel, Port Elizabeth	10H00 – 13H30
Sleutel Belanghebber Werkswinkel **(RSVP)**	**Noord-Kaap**	31 Julie 2007	Kalahari Lodge, Kimberley	10H00 – 13H00
Sleutel Belanghebber Werkswinkel **(RSVP)**	**Wes-Kaap**	13 Augustus 2007	Durbanville Golfbaan	10H00 – 13H30

Neem asseblief kennis:

a) Indien u graag die Sleutel Belanghebber Werkswinkel in die Oos-, Noord-, of Wes-Kaap wil bywoon, kontak asseblief die Publieke Deelname Kantoor.
b) Addisionele vergaderings word in die Noord-Kaap gereël en besonderhede sal aan u gestuur word sodra dit beskikbaar is